

Drie Afrikaanse susterskerke

'n Liewe Nederlandse ma, 'n stoere reformatoriese pa, en drie Afrikaanse susterskerke: die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA, oftewel *Doppers*). Dis hoe ons onsself vir ongeveer 'n eeu en 'n half gesien het.

Susterskerke het natuurlik algaande 'n effens ironiese benaming geword nadat eers die NHKA en toe die NGK reeds amper 50 jaar gelede vroue toegelaat het om nie net as diakens en ouderlinge te dien nie, maar ook as predikante. In die GKSA het sinodes sedert 1988 oor die saak gedebatteer totdat hulle in 2023 finaal die streep getrek het: Vroue mag nie as ouderlinge dien nie. Nie alle gemeentes van die GKSA (hulle praat van plaaslike *kerke*) het egter hiermee saamgestem of die sinodebesluit tot uitvoering gebring nie. By hulle sinode in Januarie 2026 het die GKSA toe besluit dat gemeentes binne hulle kerkverband wat vroueouderlinge het, die vroue uit die amp moet onthef *want hulle is aan Christus ongehoorsaam*. Hierdie skerp formulering het uiteraard nie goed op die oor van die ander twee *susterskerke* geval wat vroue sonder voorbehoud in al die ampte laat dien nie.

Die GKSA se sinode het verder besluite geneem oor die Kerk se verhouding met die NGK, met wie hulle 'n bilaterale ooreenkoms gehad het, asook oor gesprekke met ander kerkgroepe. Onder dié groepe tel die NGK in Namibië, die Kairos-netwerk, die sogenaamde Koinonia-sinode, en die Vrye Gereformeerde Kerke (wat eis dat betrekkinge met die NGK opgeskort moet word). Dit spreek vanself dat hierdie besluite die NGK teen die bors gestuit het.

Dit volg ook op die verbrokkeling van 'n belangrike gespreksforum vir die drie kerke: die Tussenkerklike Raad (TKR). Die drie kerke kon sedert 2019 nie weer daarin slaag om die jaarlikse byeenkoms van die TKR te reël nie, en toe daar in 2025 uiteindelik ver gevorder is met die reëlings vir so 'n byeenkoms, is dit op kort kennisgewing deur die GKSA gekanselleer.

Wat doen susters wat stry kry? Wat doen gelowiges wat met mekaar haaks raak? Ons praat met mekaar.

Daarom het verteenwoordigers van die drie kerke op 1 September 2026 in Pretoria byeengekom om oor hulle verhouding en samewerking te praat. Die deputate van die GKSA het die geleentheid benut om die besluite van hulle sinode vir die eerste keer self aan die ander twee kerke oor te dra en te verduidelik. Die verteenwoordigers van die NGK en die NHKA het die geleentheid gekry om vrae te stel en ook te verduidelik hoe hulle die besluite van die GKSA se sinode beleef het. Die GKSA se deputate het die NHKA en NGK daarop gewys dat hulle ook nie belangrike besluite oor etiese sake op hul onderskeie sinodes na afloop daarvan met die GKSA bespreek het nie.

Hoewel die gesprek deurgaans in 'n goeie gees gevoer is, was diepgaande verskille duidelik: die NHKA en NGK staan aan die een kant en die GKSA aan die ander kant van die gesprek. Al hierdie verskille kan in werklikheid herlei word tot uiteenlopende voorveronderstellings en benaderings tot Skrifverstaan.

Dit is duidelik dat die onderlinge verskille die bilaterale ooreenkoms tussen die NGK en die GKSA in die gedrang bring, en dat die TKR iets van die verlede is. Belangriker is egter die vraag wat hierdie verskille vir gesamentlike Woordbediening, kanselruil, en sakramentsbediening op plaaslike vlak beteken. Wat is die implikasies vir die erkenning van lidmaatskap wanneer lidmate van die een kerk na die ander oorgaan?

Dit lyk of plaaslike samewerking van die betrokke gemeentes en ampsdraers sal afhang. Dit staan plaaslike kerkrade steeds vry om predikante van een van die ander twee kerke te nooi om by hulle te preek of die sakramente te bedien. In die Hervormde Kerk is die uitnodiging na die nagmaaltafel oop vir almal, mits hulle die vrymoedigheid het om ook in hulle eie gemeente nagmaal te gebruik. Formele samewerking tussen gemeentes van die drie kerke, byvoorbeeld op die platteland, is steeds moontlik. Dit sal egter grootliks van die betrokke individue afhang, en sal in fyn besonderhede ooreengekom en op skrif gestel moet word voordat die reëling geïmplementeer word. In die Hervormde Kerk moet die ringskommissie instem voordat so 'n samewerkingsooreenkoms aangegaan word.

Ondertussen het die verteenwoordigers van die drie kerke besluit om die gesprek voort te sit. Die NGK sal voor haar sinode teen die einde van 2027 met die deputate van die GKSA moet vergader. 'n Verteenwoordiger van elke kerk sal ook 'n volgende gespreksgeleentheid vir die eerste kwartaal van 2027 reël. Daar sal ons met mekaar oor ons Skrifverstaan praat.

Want, sien: Susters wat stry kry, kan seker uitmekaargaan en nooit weer met mekaar praat nie, maar gelowiges kan nie.

Soos prof Adrianus van Selms in sy boek oor die Geloofsbelydenis van Nicea, *Lig uit Lig* (1950:141-142) skryf:

> *Die Kerk is één. Want daar is slegs een Heer en sy Woord is een en dieselfde aan almal: Volg My. Kom almal na My toe en Ek sal julle rus gee. Hierdie drinkbeker is die Nuwe Verbond in My bloed, wat vir u en vir baie vergiet is tot vergewing van sondes.*
>
> *Die eenheid van die Christelike Kerk lê derhalwe in die eenheid van God. Dit is duidelik dat die eenheid van die aanbidders van God voortvloei uit die feit, dat daar slegs een God is. Slegs een naam is onder die hemel gegee waardeur ons salig word; daaruit volg dat die aanbidders van die naam ook een is in Christus. Ons noem een en dieselfde God Vader: dan is ons ook, al is dit ook teen wil en dank, mekaar se broers en susters. Ons vorm een huisgesin.*

Dr Wouter van Wyk
(Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering)

** Ds Leon Geel, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, sal in die Oktober-uitgawe van *Die Hervormer* die aangeleentheid van die TKR verder bespreek.

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE (GEEN)
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- 'N GEDAGTE
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

"Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes."

"Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie."



Ontdek wat in die NHKA leef en gebeur! Besoek ons webblad by **www.nhka.org** vir nuus, inspirerende stories en inligting oor ons gemeentes en kerkwees. Kom loer gerus in en bly deel van die gesprek.

Skrifgedeelte van die week

"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe"

Efesiërs 4: 3 (AFR83)

www.nhka.org | Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za** | Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Ds Zanedrieka de Lange (Swartkops) het onlangs verloof geraak aan **mnr Gerhard van der Bijl**. Baie geluk!

Ds Lisa-Mari Prinsloo (Centurion-Oos) se man, **Freddie**, was op 16 September in 'n motorfietsongeluk betrokke. Hy het sedertdien 'n operasie aan sy arm ondergaan. Ons wens hom 'n spoedige herstel toe.

Die Kerk het met hartseer verneem dat **ds Sarel Oosthuizen** (Stilfontein-Wes) se vrou, **Elmie**, op 23 September oorlede is. Sy was die laaste paar jaar baie siek en het daagliks verswak. Enkele dae voor haar afsterwe het sy geval en haar heup gebreek. Sy is gehospitaliseer en het op 22 September 'n heupvervanging ondergaan waarna haar toestand skielik verswak het. Die begrafnisdiens vind DV op Saterdag 3 Oktober om 11:00 in Gemeente Stilfontein-Wes plaas. Ons betuig simpatie met ds Oosthuizen en sy familie.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **9 Oktober**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

Vrydag 2 Oktober
Ds CJ (Charel) van der Berg
Emeritus/ Pietermaritzburg

Sondag 4 Oktober
Ds AC (Anel) Boshoff
Welkom/ Kroonstad/ Odendaalsrus

Sondag 4 Oktober
Ds SA (Schalk) Kok
Potchefstroom-Noord

Maandag 5 Oktober
Ds L (Leon) Janse van Rensburg
Namibkus

Dinsdag 6 Oktober
Ds E (Etienne) Verhage
Emeritus

Dinsdag 6 Oktober
Ds PF (Frikkie) Viljoen
Emeritus/ Hartebeeshoek

Woensdag 7 Oktober
Dr PJ (Paul) de Beer
Emeritus

Woensdag 7 Oktober
Ds L (Louizé) de Beer
Wonderboompoort vanaf 11 Oktober 2026

Woensdag 7 Oktober
Ds S (Steve) Oxton
Swartkop

Donderdag 8 Oktober
Prof JD (John) Gericke
Emeritus/ Setlaars

Vrydag 9 Oktober
Prof WA (Wim) Dreyer
Emeritus/ Outeniqua

VERGADERINGS

Dinsdag 6 Oktober
TOF Beurs- en Leningskomitee

GEMEENTES EN BEDIENING



Dr Andorette van der Westhuizen (emeritus) is beskikbaar vir preekgeleenthede in die Pretoria-omgewing. Gemeentes kan haar kontak by **andorettevdw@gmail.com** of 075 399 4750.

Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die **Moderamen** se aandag gebring moet word, moet asseblief teen **5 Oktober** by mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) ingedien word vir die vergadering op **16 Oktober. Laat sake** sal nie op die agenda geplaas word nie.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Die Kerkkalender vir 2027 wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.





Die Christelike Vrou
Amptelike mondstuk van die NHSV
Om 'n seën te wees
Oktober 2026

As diensorgaan van die NHKA, streef die NHSV daarna om binne die NHSV, gemeentes, die Kerk in die breë en die gemeenskap diensbaar te wees en om op 'n tasbare wyse uitvoering te gee aan haar doelstellings.

Die doelstellings van die eerste NHSV konstitusie is omskryf as liefdadigheidswerk, ondersteuning aan die Kerk, jeugwerk, die verspreiding van Christelike lektuur, algemene opheffing, ondersteuning van maatskaplike probleme in die gemeenskap, en ook volksake.

In 1985 is die doelstellings omskryf as dienswerk in die Kerk en gemeentes, barmhartigheidswerk aan almal in nood, opvoeding en onderwys aan die jeug, toerusting aan lede, en fondsinsameling.

'n Belangrike klemverskuiwing ten opsigte van die doelstellings vind gedurende 1996 plaas. Die eerste en primêre doelstelling is nou gerig op die geestelike verryking en onderlinge verbondenheid van vroueledmate in die gemeente.


In hierdie uitgawe besin ons oor hoe ons ons kinders gereed kan maak vir die "grootskool"; ons hoor hoe die NHSV Hervormde studente bystaan; en ons kyk saam met die Eendrachtkring terug op 40 jaar van gesellige samesyn. Ons leer ook die visevoorsitter van die NHSV se Hoofbestuur beter ken.

Mag ons op hierdie wyse steeds daarin slaag om ons vroulidmate geestelik te verryk en te bou aan ons onderlinge verbondenheid – steeds dinamies vorentoe en, soos die NHSV lied sê, om ons susters te inspireer *om van ons huisgesinne die siel en son te wees.*

Tessa Oppermann

NHSV Tema 2026: Nogtans sal ek jubel... Habakuk 3:18 (AFR2020) Oktober 2026 | 1

In die **Oktober 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** fokus die redaksioneel op die NHSV se doelstellings in *Om 'n seën te wees.* **Mev Tessa Oppermann**, redakteur, het kers opgesteek by verskeie onderwysers om te bepaal wat nodig is om gr 1's skoolgereed te maak vir die nuwe fase in hulle lewens met *Net die beste vir ons kinders.* In ons NHSV-profiel skyn ons die kollig op vroue in die Kerk en die bydraes wat hulle lewer. Ons kry 'n kykie agter die skerms saam met **mev Karin Steenekamp**, visevoorsitter van die NHSV-Hoofbestuur. **Mev Marita Fourie** van Gemeente Krugersdorp-Noord gee ons 'n historiese terugblik op die pad wat die Eendrachtkring geloop het tot en met die veertigste bestaansjaar wat op 17 September 2026 by Gemeente Wonderboompoort gevier is. **Mev Mari-lizé Beukes**, voorsitter van die NHSV-Hoofbestuur, deel brokkies nuus oor die onlangse studente-uitreik in *NHSV skenk togas aan teologiestudente.* **Mev Sanet van Wyk**, voorsitter van die NHSV-Studieleningskomitee, brei uit oor die NHSV se bydrae deur die toekennings aan Hervormde studente vanuit die *NHSV Studieleningsfonds.* **Ds Liza Jansen** van Gemeente Witbank-Suid sluit vir ons hierdie uitgawe af met 'n oordenking *God se genade is vir ons genoeg.* Klik ***hier*** vir die skakel na ons NHSV-publikasies.







KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.





kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word deur **Armand Pretorius** aangebied. Klik ***hier*** vir die jongste weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag op sosiale media en YouTube.

LIED VAN DIE WEEK

Sing die Hervormde Kerk nog psalms?

Die plek en funksie van psalmsang in die Hervormde Kerk word al dekades lank bevraagteken. Daar is veral kommer oor die afnemende gebruik van die psalms in die erediens. Dit is egter belangrik om die psalmsang nie uitsluitlik te vereenselwig met die sing van Psalms 1 tot 150 soos dit in die *Liedboek van die Kerk* verskyn nie. Só 'n eng definisie laat 'n belangrike deel van die huidige psalmtradisie buite rekening.

Hierdie breër verstaan van psalmsang bring ook die vraag na die musikale vorm waarin die psalms aan die gemeente gebied word, na vore. Die algemene ervaring in gemeentes is dat die Geneefse melodieë die aanvaarding van psalmsang deels belemmer het, aangesien gemeentes dikwels verkies het om psalmtekste op ander, meer bekende melodieë te sing. Die probleem lê egter nie noodwendig by die Geneefse melodieë self nie, maar by die persepsie dat slegs één bepaalde musikale vorm en styl as aanvaarbare psalmsang beskou word. Die Geneefse melodieë was oorspronklik juis 'n poging om die psalms binne die musikale idioom van hul tyd in gemeentes weer te gee. Die musikale idioom van lidmate en die breër samelewing het egter sedertdien ingrypend verander.

Die psalms vind onder andere neerslag in die gesange van die *Liedboek*. Gesange 185, 199, 203, 209, 210, 221, 224, 226, 229, 272, 569 en 577 is op psalms of gedeeltes daarvan gebaseer. Die psalmtradisie is dus reeds binne die breër liedereskat van die kerk teenwoordig – selfs waar 'n lied nie as 'n psalm in die enger sin van die woord geklassifiseer word nie.

Die moontlikhede word verder verbreed deur die VONKK-liederekorpus. Hierin word psalmtekste in 'n verskeidenheid musikale en liturgiese vorme verwerk, onder meer vir lofprysing, skuldbelydenis, gebed, geloof en vertroue, toetrede, lyding en nood, nagmaal en kinderliedere. Daarbenewens word die psalms in kanons, keerversliedere met psalmvoorlesing en responsoriese vorme aangebied.

Die vraag is daarom nie net óf die Hervormde Kerk psalms sing nie, maar ook hoe die psalms in die liturgie funksioneer. Die kerk beskik reeds oor 'n omvangryke skat van psalmtekste wat in uiteenlopende musikale en liturgiese vorme aan gemeentes beskikbaar gestel word. Die uitdaging is om hierdie rykdom doelbewus te ontdek en verantwoordelik te benut. Die psalms behoort immers nie slegs as tekste in 'n bundel bewaar te word nie – dit behoort as Bybelse gebede en liedere weer oor die lippe en in die harte van die gemeente te leef.

Sing die Hervormde Kerk nog psalms? Ja, en mag ons nooit ophou nie!

Ds Rudi Janse van Rensburg
(Swellendam/dosent aan die Universiteit van die Vrystaat)

GEDAGTE

Moenie in die stilte
vrae vra nie

moenie met vrae
die stilte
stilmaak nie

moenie die niet
vernietig nie

vernietig dan liewer
die vrae
met stilte

Fransi Phillips

Uit: https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-moenie-in-die-stilte/



FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.



9 OKT – GEMEENTE SELCOURT: GHOLFDAG
Gholfkarretjies en 'n heerlike middagete is ingesluit.
- R2 850 per vierbal; R1 000 borggeld per bof
- Pollakpark Gholfklub
- 072 260 1415 (ds Dalene)

10 OKT SLUIT – GEMEENTE OOS-MOOT
Wen 'n vakansie vir ses persone (vier volwassenes en twee kinders onder 12 jaar) in 'n selfsorgeenheid by Dikhololo in die Brits-distrik van 7 tot 11 Desember 2026. Die trekking vind tydens Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees op 10 Oktober 2026 plaas.
- Kaartjies kos R100 per inskrywing.
- E-pos **kompetisie.nhk.oosmoot@gmail.com** vir meer besonderhede.

10 OKT – GEMEENTE KAAPSTAD: POTJIEKOSFEES
Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons. Potjiekosbestellings sal teen 12:30 gereed wees. Smul lekker aan pannekoek, kerrie-en-rys, Hollandse krokette, poeding en vetkoek. Kuier in die teetuin en koop 'n plant of twee. Besoek gerus ons Krap-en-koop.
- Preekpunt Tygerberg by ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord
- 083 263 7596 (De-Mara)

17 OKT – SEESTERGEMEENTE BRACKENHURST: KLIPWERF ORKES
Kom koop heerlike boereworsrolle en geniet die aand saam met ons en die Klipwerf Orkes.
- R150 per persoon of R1 500 per tafel
- Alberante Autobody, Voortrekkerstraat Repair Centre
- 011 868 3625 (Kerk) of 082 449 2274

24 OKT – GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR
Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.
- 082 924 7344 (ds Anneline)

30 en 31 OKT – GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS
Kom luister na 'n propvol verhoogprogram.

Maak 'n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.
- Sivos Sportgronde, Kathu

SP ENGELBRECHT-MUSEUM



kom *kyk*

Die SP Engelbrecht-museum het op 20 September 'n groep jong Hervormers uit Parys in die Vrystaat verwelkom. Hulle het saam met hul katkisasiemeester en predikant ná die Sondagoggenddiens die reis van 150 km na Pretoria aangepak om te kom kyk, vra en leer. Die brief uit Babel van 700 vC en oom Gert se doodskleed het die jong besoekers se oë laat rek. Die Museum nooi ook ander **kategesegroepe** – veral dié nader aan Pretoria – om hul kerkgeskiedenislesse hier te kom beleef.




TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Aanbieders: Mnre Johan Hattingh en Gerhard Pieters
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 6 Oktober om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/3767208473927741?p=f6cws7TWpAjEiquqvz
  ID: 376 720 847 392 741
  Toegangskode: 8ft3Ss9n
- **Donderdag 8 Oktober om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/3370759953817241?p=t6OQZG5fI6hekPbKdR
  ID: 337 075 995 381 724
  Toegangskode: t3nS6sx9







WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES


Aanbieder: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 17 November om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/364988089989566?p=YS51MTOBy5i4LnT6LR
  ID: 364 988 089 989 566
  Toegangskode: zN6Ab3Bw
- **Donderdag 19 November om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/39060071764078?p=UzliQOc9c5a94mTVVX
  ID: 390 600 717 640 78
  Toegangskode: x8Cb9m9K





BARMHARTIGHEID



klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Almagtige God en Vader,
Skepper van hemel en aarde,
ons dank U uit die diepte van ons hart
dat U ons en ons kinders geskape het
en ons tot vandag toe in die lewe bewaar het.
Ons prys u Naam
vir die vele gawes van u liefde,
vir u beskerming
en u onfeilbare trou.
In die besonder dank ons U vir die milde reën.
Deur Jesus Christus, ons Here.
Amen.

Uit: https://www.theologie.nl/dankgebeden/
Vertaal deur Sanet du Plessis



REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger